


HOOFSTUK 3: LITERATUURSTUDIE EMOSIONELE INTELLIGENSIE (EI)



3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n literatuurstudie oor die konsep "emosionele intelligensie" (EI) in diepte onderneem. Relevante agtergrond rakende die ontstaan van EI gaan eerstens bespreek word. Verskillende definisies van EI gaan dan ondersoek word, in 'n poging om 'n werksdefinisie vir EI in hierdie studie saam te stel. Die mees vername EI-benaderings, kritiek teen laasgenoemde en die betekenisvolheid daarvan gaan ook aandag geniet.

3.2 ALGEMENE ORIËNTERING

Die feit dat sommige mense suksesvol in die lewe is terwyl ander misluk, ten spyte van natuurlike talente, gawes of intelligensie, het wye belangstelling in die kwaliteite wat moontlik medebepalend vir sukses is, ontlok. Alhoewel mense verskillende vermoëns besit, is dit dikwels (teen die verwagting) nie die mees talentvolle of mees "intelligente" mense wat suksesvol, gelukkig of welvarend is nie. Dit is moontlik die rede waarom die konsep "emosionele intelligensie" (EI) (Salovey & Mayer, 1990) en "emosionele intelligensiekwosiënt" (EQ – hierna "EK")⁸ (Bar-On, 1985, 1988) oor die laaste dekade baie aandag in die literatuur geniet het, vanweë die betekenisvolle rol wat dit moontlik in loopbaan- en lewensukses kan speel (Bar-On, 1997; Charbonneau & Nicol, 2002; Ciarrochi, Deane & Anderson, 2002; Duffy, 1996; Lam & Kirby, 2002; Mayer, Caruso & Salovey, 2000; Palmer, Donaldson & Stough, 2002; Petrides & Furnham, 2003; Richburg & Fletcher, 2002; Roberts, Zeidner & Matthews, 2001; Saklofske, Austin & Minski, 2003; Wigod, 1998).

Alhoewel EI 'n kort geskiedenis het, is die konsep nie nuut nie. Verskeie navorsers het konsepte wat vandag met EI verband hou, bestudeer. Die mees relevante rolspelers en konsepte word vervolgens bespreek.

3.3. AGTERGROND: DIE ONTSTAAN VAN EI

3.3.1 Charles Darwin: Emosionele uitdrukking

Charles Darwin het die onderwerp van emosionele uitdrukking so vroeg as 1837 begin bestudeer en die eerste werk in dié veld in 1872 gepubliseer (Darwin, 1872, 1965). Darwin het gedemonstreer dat emosionele uitdrukking 'n groot rol in aanpassingsgedrag speel, iets wat tot vandag 'n belangrike basis van EI vorm.

⁸ Die leser moet daarop let dat EK op 'n konstruk dui, terwyl EI 'n dinamiese proses van beweging impliseer.

3.3.2 Thorndike: Sosiale intelligensie

Thorndike het die konsep “sosiale intelligensie” geskep en gedefinieer as *the ability to understand and manage men and women, boys and girls – to act wisely in human relations* (Thorndike, 1920:228). Daar word dus verwys na ’n individu se vermoë om ander individue te verstaan en met hulle oor die weg te kom en om verstandig in verhoudings op te tree.

Baie van die vroeë studies oor sosiale intelligensie het gefokus op die ontwikkeling van die wyses waarop sosiaal-bevoegde gedrag beskryf en geassesseer kan word (Chapin, 1942, 1967; Doll, 1935, 1953, 1965; Moss & Hunt, 1927; Moss, Hunt, Omwake & Woodward, 1955; Thorndike & Stein, 1937). Laasgenoemde outeurs het dit egter betwyfel of sosiale intelligensie deur enige verbaal-gefundeerde instrument bepaal kan word. Meer as twintig jaar later het Cronbach (1960) ook tot die gevolgtrekking gekom dat sosiale intelligensie nie gemeet kan word nie.

Ten spyte van Cronbach se pessimisme, het ander navorsers voortgegaan om die lewensvatbaarheid van die sosiale intelligensie-konstruk te ondersoek. Navorsingsaktiwiteite in die area van sosiale intelligensie het ononderbroke voortgeduur en sluit wetenskaplike studies van prominente sielkundiges soos Kelly (1955), Rogers (1961), Rotter (1966) en Cantor en Kihlstrom (1987, 1989) in. Navorsers in hierdie area het begin om hulle aandag van assessorering weg te skuif en het uiteindelik meer gefokus op begrip van die doel van interpersoonlike gedrag en die rol wat dit in effektiewe aanpassing in die sosiale konteks speel (Zirkel, 2000).

Definisies van sosiale intelligensie het die volgende ingesluit: die vermoë om met ander individue om te gaan (Hunt, 1928; Moss & Hunt, 1927; Wechsler, 1958), interpersoonlike kennis (Strang, 1930), die vermoë om ander se gevoelens, gemoedstoestande en motivering korrek teoordeel (Vernon, 1933), effektiewe sosiale funksionering (Ford & Tisak, 1983; Keating, 1978) en die vaardigheid om nie-verbale aanduidings te begryp (Barnes & Sternberg, 1989; Sternberg & Smith, 1985). Marlowe (1985) het ’n model van sosiale intelligensie voorgestel wat uit vier domeine bestaan: sosiale belangstelling (besorgdheid oor ander), sosiale selfwerksaamheid, empatie-vaardighede (die vermoë om ander individue op ’n kognitiewe en affektiewe vlak te verstaan) en sosiale prestasievaardighede (observeerbare sosiale gedrag). Sosiale intelligensie is dus vir ’n geruime tyd as ’n multidimensionele konstruk beskou wat uit beide kognitiewe elemente (die vermoë om ander

te verstaan) en gedragselemente (die vermoë om effektiwiteit vanuit 'n sosiale perspektief te definieer nie. 'n Baie belangrike aspek van David Weschler se definisie van algemene intelligensie is hierdeur empiries versterk: *the capacity of the individual to act purposefully* (Wechsler, 1958:7). Sosiale intelligensie word duidelik hierdeur as 'n belangrike deel van algemene intelligensie geposisioneer.

Voorgenoemde navorsing het nie net gehelp om menslike effektiwiteit vanuit 'n sosiale perspektief te definieer nie. 'n Baie belangrike aspek van David Weschler se definisie van algemene intelligensie is hierdeur empiries versterk: *the capacity of the individual to act purposefully* (Wechsler, 1958:7). Sosiale intelligensie word duidelik hierdeur as 'n belangrike deel van algemene intelligensie geposisioneer.

Gedurende hierdie tydperk het ander teoretici, soos Gardner (1983) ook begin om die tradisionele IK-gebaseerde uitgangspunte uit te daag. Sy teorie van meervoudige intelligensietipes sluit byvoorbeeld intra- en interpersoonlike intelligensietipes in.

3.3.3 Gardner: Intra- en interpersoonlike intelligensietipes

Volgens Gardner bestaan persoonlike intelligensie (wat een van sewe intelligensiedomeine is) uit 'n individu se interpersoonlike (begrip vir ander individue) en intrapersoonlike (begrip vir die self) vaardighede. Gardner (1983:239) het die volgende in sy omskrywing van intrapersoonlike intelligensie opgemerk:

The core capacity at work here is access to one's feeling life – one's range of affects or emotions: the capacity instantly to effect discriminations among these feelings and, eventually, to label them, to enmesh them in symbolic codes, to draw upon them as a means of understanding and guiding one's behavior. In its most primitive form, the intrapersonal intelligence amounts to little more than the capacity to distinguish a feeling of pleasure from one of pain and, on the basis of such a discrimination, to become more involved in or to withdraw from a situation. At its most advanced level, intrapersonal knowledge allows one to detect and to symbolize complex and highly differentiated sets of feelings.

Waar intrapersoonlike intelligensie dus op die kennis en ondersoek van 'n individu se eie gevoelens betrekking het, het interpersoonlike intelligensie te make met die vermoë om ander individue se intensies, gemoedstoestande en behoeftes korrek te lees en om potensieel op hierdie kennis te reageer. Daar word oor die algemeen na die bewustheid van en sensitiwiteit vir ander se gevoelens as "empatie" verwys, wat geleid word deur 'n bewustheid en waardering vir die subjektiewe gevoelens wat deur ander in 'n individu ontlok word, sowel as deur die persepsie en waardering van spontane nie-verbale uitdrukings van ander. Met ander woorde, hierdie twee vorme van persoonlike intelligensie hou nou verband met mekaar; aandag aan 'n persoon se eie subjektiewe gevoelens kan as 'n "sesde sintuig" dien wat inligting oor ander voorsien (Solms, 1997). Meer nog, 'n individu se verwerwing van

haar eie emosies, is afhanklik van die vermoë om deur die observasies van ander individue te leer (Gardner, 1983).

Daar blyk duidelike ooreenkomste tussen Gardner (1983) se konsep van intrapersoonlike intelligensie en die konsep, *alexithymia*, te wees, veral met betrekking tot die vermoë om emosies te identifiseer en daartussen te onderskei en om hierdie emosies simbolies te verteenwoordig. Hierdie konsep, asook 'n ander verbandhoudende konsep, naamlik "psigologiese ingesteldheid", word vervolgens bespreek.

3.3.4 Ander konsepte wat met EI verband hou

3.3.4.1 *Alexithymia*

Die konsep, *Alexithymia* het uit kliniese observasies ontwikkel wat vir die eerste keer in die laat 1940's gepubliseer is en aanvanklik bedoel was om te verduidelik waarom sommige individue psigosomatiiese versteurings ontwikkel (MacLean, 1949; Ruesch, 1948). Paul Sifneos het voortgegaan om hierdie idee empiries te ontwikkel en het dit uiteindelik as "*alexithymia*" benoem (Sifneos, 1967) – Grieks vir “nie in staat om gevoelens te beskryf nie” – wat volgens hom die kern van psigosomatiiese simptome was.

Alhoewel struikelblokke in die monitor van ander se emosies nie by die definisie van *alexithymia* ingesluit word nie, is daar kliniese en empiriese bewyse dat individue met hoë grade van *alexithymia* dit moeilik vind om emosies in ander se gesigsuitdrukkings akkuraat te identifiseer (Lane, Sechrest, Reidel, Weldon, Kaszniak & Schwartz, 1996; Parker, Taylor & Bagby, 1998) en om empatie teenoor ander individue te toon (Taylor & Bagby, 2000). Voorgenoemde kan as kernkomponente van EI beskou word. Studies deur Parker, Taylor en Bagby (2001) en Saklofske *et al.* (2003) toon inderdaad 'n positiewe korrelasie tussen lae EI en *alexithymia* aan.

'n Ander rigting wat moontlik uit *alexithymia* ontwikkel het, is "psigologiese ingesteldheid" (*psychological mindedness*) (McCallum, 1989) wat vervolgens bespreek word.

3.3.4.2 Psigologiese ingesteldheid

Hierdie konsep is die resultaat van 'n groot aantal studies waar gepoog is om die persoonlikheidsfaktore wat suksesvolle insiggeoriënteerde psigoterapie voorspel het, te

identifiseer (Bachrach & Leaff, 1978). Praktisyns het die psigologiese ingesteldheid van pasiënte geëvalueer om vas te stel hoe geskik hulle vir psigoterapie is; hierdie tipe evaluasie het die pasiënt se vermoë geassesseer om emosies te verstaan en uit te druk (McCallum & Piper, 2000).

Ongeag die konseptuele model (of metingsinstrument) wat geïmplementeer word, word daar oor die algemeen van 'n individu met beperkte psigologiese ingesteldheid verwag om 'n laer EI te hê (Taylor, Bagby & Parker, 1997). Soos Silver (1983:516) in 'n vroeë definisie van die konsep opgemerk het dat voorgenoemde betrekking het op

the patient's desire to learn the possible meanings and causes of his internal and external experiences as well as the patient's ability to look inwards to psychical factors rather than only outwards to environmental factors.

In 'n meer onlangse definisie stel Conte (in Parker, 2000) voor dat psigologiese ingesteldheid betrekking het op vier breë vermoëns: toegang van 'n individu tot haar gevoelens, gewilligheid om oor gevoelens en interpersoonlike probleme te praat, kapasiteit vir gedragsverandering en belangstelling in ander individue se gedrag.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat, alhoewel die konsep EI eers in 1990 deur Salovey en Mayer voorgestel is, dit nie 'n nuwe navorsingsveld is nie. Aangesien die konsep egter relatief nuut is, kan verwag word dat die definiëring en konseptualisering van EI geen maklike taak sal wees nie en dat navorsers waarskynlik nie daaroor sal saamstem nie.

3.4 DEFINIËRING VAN DIE KONSEP "EMOSIONELE INTELLIGENSIE"

Verskeie outeurs het al gepoog om EI te definieer. Dit is egter moeilik om 'n operasionele definisie vir EI te voorsien wat deur almal aanvaar sal word. Dit is egter nie verbasend nie, aangesien dekades se navorsing oor byvoorbeeld kognitiewe intelligensie (insluitende "intelligensiekwosiënt", oftewel "IK") en persoonlikheid steeds nie 'n universeel-aanvaarbare definisie opgelewer het nie (Goldstein, Zedeck & Goldstein, 2002; Ones, 1993; Ones & Anderson, 2002). In die algemeen verwys EI na bevoegdhede in die identifisering, begrip, uitdruk en bestuur van emosies – beide in 'n persoon self en in ander (Matthews, Zeidner & Roberts, 2002; Mayer, Caruso & Salovey, 2000; Mayer, Perkins, Caruso & Salovey, 2001; Zeidner, Matthews, Roberts & MacCann, 2003). Die definiëring van die konsep deur die vernaamste EI-navorsers word vervolgens bespreek.

3.4.1 Mayer, Salovey en Caruso

Volgens Salovey en Mayer (1990:773) se oorspronklike definisie kan EI beskou word as

a type of emotional information processing that includes accurate appraisal of emotions in oneself and others, appropriate expression of emotion, and adaptive regulation of emotion in such a way as to enhance living.

Bogenoemde outeurs het hierdie definisie later aangepas en EI gekonseptualiseer as

an ability to recognize the meanings of emotions and their relationships, and to reason and problem-solve on the basis of them. Emotional intelligence is involved in the capacity to perceive emotions, assimilate emotion-related feelings, understand the information of those emotions, and manage them (Mayer, Caruso & Salovey, 1999:267).

Kognisie en emosie word dus met mekaar in verband gebring, aangesien EI volgens hierdie definisie die individu se vermoë insluit om:

- Eie en ander se emosies akkuraat waar te neem;
- Emosies en emosionele taal te verstaan;
- Eie en ander se emosies te hanteer;
- Emosies te gebruik om kognitiewe aktiwiteite te fasiliteer;
- Op emosies te steun as motivering vir gesikte gedrag.

3.4.2 Goleman (en Boyatzis)

Goleman (1995:34) het EI oorspronklik gedefinieer as

abilities such as being able to motivate oneself and persist in the face of frustrations; to control impulses and delay gratification; to regulate one's moods and keep distress from swamping the ability to think; to empathize and to hope.

In sy meer onlangse definisie beskryf Goleman (1998:317) EI as *the capacity for recognizing our own feelings and those of others, for motivating ourselves, and for managing emotions well in ourselves and in our relationships.* Boyatzis (1982) en Goleman (1995, 1998) het later hulle werk oor EI geïntegreer en hul stel die volgende definisie voor:

Emotional intelligence is observed when a person demonstrates the competencies that constitute self-awareness, self-management, social awareness, and social skills at appropriate times and ways in sufficient frequency to be effective in the situation (Boyatzis, Goleman & Rhee, 2000:344).

3.4.3 Bar-On

Bar-On (in Van Rooyen, 2002:19) beskou EI, soos Goleman (1995, 1998) as 'n nie-kognitiewe komponent van intelligensie en omskryf EI soos volg:

The concept of emotional intelligence adds depth to the understanding of what intelligence or intelligent behaviour is. Broadly speaking, emotional intelligence addresses the emotional, personal, social and survival dimensions of intelligence, vitally important in daily functioning. This less cognitive part of intelligence is concerned with understanding oneself and others, relating to people, and adapting to and coping with our immediate surroundings. These factors increase our ability to be more successful in dealing with environmental demands. Emotional intelligence is tactical and immediate, and as such reflects a person's 'common sense' and ability to get along with the world.

In sy opsommende definisie beskryf Bar-On EI as *a multifactorial array of interrelated emotional, personal and social competencies that influence our ability to actively and effectively cope with daily demands* (Bar-On, Tranel, Denburg & Bechara, 2003:1791). Volgens Bar-On (2006) is die optimaal funksionerende, suksesvolle en emosioneel gesonde individu, dus iemand wat oor genoegsame EI beskik.

Uit voorgenoemde bespreking blyk dit dat sommige outeurs (Mayer, Salovey, Caruso & Sitarenios (2001) EI as 'n kognitiewe vaardigheid beskou, terwyl ander outeurs (bv. Bar-On, 2000; Boyatzis, Goleman & Rhee, 2000) EI as 'n sambreelterm gebruik om 'n wye reeks bevoegdhede te beskryf. Hierdie breër beskrywings omvat sosiale en emosionele vaardighede en eienskappe wat met persoonlikheid en motivering verband hou. Volgens Petrides en Furnham (2000a, 2000b, 2001) moet daar daarom tussen hierdie twee "tipes" EI onderskei word en hulle stel die konsepte "bevoegdheid-EI" en "eienskap-EI" in hierdie verband voor.

3.4.4 Bevoegdheid-EI (Ability-EI) versus Eienskap-EI (Trait-EI)

"Bevoegdheid-EI" (of 'kognitief-emosionele stabiliteit') verwys na 'n individu se **actual** (outeur se beklemtoning) *ability to recognize, process, and utilize emotion-laden information* (Petrides, Frederickson & Furnham, 2004:278). "Eienskap-EI" (of 'emosionele self-werksaheid') verwys volgens Petrides et al. (2004:278) na

a constellation of behavioral dispositions and self-perceptions (outeur se beklemtoning) *concerning one's ability to recognize, process, and utilize emotion-laden information. It encompasses various dispositions from the personality domain, such as empathy, impulsivity, and assertiveness as well as elements of social*

intelligence (Thorndike, 1920) and personal intelligence (Gardner, 1983), the latter two in the form of self-perceived abilities.

“Eienskap-EI” toon ooreenkomste met persoonlikheidseienskappe en word deur self-rapportervraelyste gemeet, terwyl “bevoegdheid-EI” die gebruik van prestasietoets (met korrekte en verkeerde response) vereis (die verskillende assessoringsbenaderings en -instrumente word later in meer besonderhede bespreek).

3.4.5 Gevolgtrekking met betrekking tot definisies

Alhoewel voorgenoemde definisies van EI nie identies is nie, *they nevertheless tend to be complementary rather than contradictory* (Ciarrochi, Chan & Caputi, 2000:540). Die volgende basiese komponente word deur die meeste definisies van EI aangespreek: (i) die vermoë om van emosies bewus te wees en dit uit te druk; (ii) die vermoë om van ander se emosies bewus te wees en interpersoonlike verhoudings te stig; (iii) die vermoë om emosies te bestuur en te reguleer; (iv) die vermoë om die omgewing op ‘n realistiese en aanpasbare wyse te hanteer en om probleme van ‘n intra- of interpersoonlike aard effektiel te hanteer; asook (v) die vermoë om positiewe affek te genereer, ten einde voldoende self-gemotiveerd te wees en persoonlike doelwitte te behaal (Bar-On, Tranel, Denburg & Bechara, 2003). Dit blyk dus dat nie net emosionele bevoegdhede nie, maar ook sosiale bevoegdhede (met ander woorde, “sosiale intelligensie” soos voorheen bespreek) deur EI geïmpliseer word.

3.4.6 ’n Werksdefinisiie van EI

Met my werksdefinisiie het ek gepoog om die voorafgaande definisies van EI op te som. Die volgende werksdefinisiie is tydens die studie gebruik:

Emosionele intelligensie word beskou as die individu se vermoë om haar eie emosies te herken, te verstaan en te reguleer; om ander se emosies te herken en te verstaan; om verhoudings met ander te stig en in stand te hou; om probleemoplossingsvaardighede te toon en om self-motiverend te wees, ten einde omgewingseise suksesvol te hanteer.

3.5 EI-MODELLE

Soos reeds vermeld, word EI verskillend deur navorsers gedefinieer en gekonseptualiseer. Alhoewel ek Bar-On (1997) se model in die studie geïmplementeer het, word ander vername EI-modelle ter wille van volledigheid ook kortliks bespreek.

3.5.1 Die Mayer-Salovey-Caruso-model

Mayer, Salovey en Caruso (2000) identifiseer vier komponente van EI, naamlik die vermoë om emosies waar te neem, die vermoë om emosies te gebruik om denke te fasiliteer, asook die vermoë om emosies te verstaan en te bestuur. Hierdie aspekte word in tabel 3.1 uiteengesit:

Tabel 3.1: Die Mayer-Salovey-Caruso-model van EI

| Komponente van EI | Omskrywing |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> Die waarneming, beoordeling en uitdrukking van emosie | <ul style="list-style-type: none"> - Identifisering en interpretasie van die betekenis van verskillende emosionele toestande, sowel as hul verhoudings met ander sensoriese ervarings. - Identifisering van ander mense se emosies. - Uitdrukking van emosie. - Onderskeid tussen akkurate en onakkurate emosies. |
| <ul style="list-style-type: none"> Die gebruik van emosies om denke te fasiliteer | <ul style="list-style-type: none"> - Prioritisering van denke gebaseer op geassosieerde denke. - Generering van emosies om waardeoordeel en geheue te fasiliteer. - Gebruik van gemoedsverandering om verskeie standpunte te waardeer. - Gebruik van emosies om probleemoplossing en kreatiwiteit te fasiliteer. |
| <ul style="list-style-type: none"> Die verstaan van emosies | <ul style="list-style-type: none"> - Verstaan die verband tussen verskillende emosies. - Verstaan die wyse waarop basiese emosies saamsmelt om komplekse emosies te vorm. - Verstaan die wyse waarop komplekse emosies mekaar weerspreek. - Verstaan die wyse waarop emosies deur ervaring beïnvloed word. - Verstaan of emosionele reaksies gepas binne 'n bepaalde omgewing is. |

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> • Die bestuur van emosies vir persoonlike groei | <ul style="list-style-type: none"> - Bestuur van eie en ander se emosies. - Refleksie oor emosies. - Deelname aan, of losmaking van emosionele situasies. - Bereidheid om beide aangename en onaangename emosies te akkommodeer. |
|---|--|

(Soos aangepas uit Ciarrochi, Chan & Bajgar, 2001; Lam & Kirby, 2002; Salovey, 2004)

Volgens Salovey (2004) behoort die individu te glo dat emosies gewysig en akkuraat gemonitor kan word. Die individu behoort die emosies wat regulering vereis, te identifiseer en effektiwe strategieë te implementeer om die negatiewe emosies te verlig, waarna die effektiwiteit van die toegepaste strategie geëvalueer behoort te word.

3.5.2 Die Cherniss-Goleman-model

Cherniss en Goleman (in Maree & Ebersohn, 2002:266) spreek die mening uit dat *emotional intelligence, at the most general level, refers to the abilities to recognize and regulate emotions in ourselves and in others*. Hierdie definisie stel vier basiese EI-domeine voor, te wete: Self-bewustheid⁹, Selfbestuur, Sosiale bewustheid en Verhoudingsbestuur.

Tabel 3.2: Die Cherniss-Goleman-model: ‘n Raamwerk vir emosionele bevoegdhede

| | Self Persoonlike bevoegdheid | Ander Sosiale bevoegdheid |
|-------------------|--|---|
| Herkenning | Self-bewustheid <ul style="list-style-type: none"> - Emosionele self-bewustheid - Akkurate selfevaluering - Selfvertroue | Sosiale Bewustheid <ul style="list-style-type: none"> - Empatie - Diensorientasie - Organisatoriese bewustheid |
| Regulering | Selfbestuur <ul style="list-style-type: none"> - Selfbeheer - Betroubaarheid - Pligsgetrouwheid - Aanpasbaarheid - Inisiatief - Innovasie - Selfmotivering/dryfkrag om te presteer | Verhoudingsbestuur <ul style="list-style-type: none"> - Ontwikkel ander - Invloed - Kommunikasie - Konflikhantering - Leierskap - Katalisator vir verandering - Bou netwerke - Spanwerk en samewerking |

(Soos aangepas uit Cherniss en Goleman (in Maree & Ebersohn, 2002)

⁹ Die koppelteken in die woord dui daarop dat dit met bewustheid van die self te make het.



3.5.3 Die Bar-On-model

Bar-On (2006) beklemtoon dat EI deur inoefening en terapeutiese ingryping oor 'n tydperk ontwikkel kan word. Die proses, eerder as die produk word in hierdie model beklemtoon. Die dimensies wat in die Bar-On-model omvat word, word in die volgende tabel aangedui:

Tabel 3.3: Die Bar-On-model van EI

| Dimensie | Omskrywing |
|---|---|
| Intrapersoonlik (Self-bewustheid en uitdrukking) | <ul style="list-style-type: none">Selfagting: Die aanvaarding, begrip en bewustheid van die self.Emosionele self-bewustheid: Bewustheid en begrip van eie emosies.Selfgelding: Die nie-destruktiewe vermoë om uitdrukking aan die self en eie gevoelens te gee.Onafhanklikheid: Die vermoë om op die self aangewese te wees en nie emosioneel afhanklik van ander te wees nie.Selfaktualisering: Die vermoë om doelwitte te stel en die dryfkrag te hê om dit te bereik. |
| Interpersoonlik (Sosiale bewustheid en interpersoonlike verhoudings) | <ul style="list-style-type: none">Empatie: Die vermoë om van ander se gevoelens bewus te wees en hul gevoelens te verstaan.Sosiale verantwoordelikheid: Die vermoë om met ander te identifiseer en deel van 'n sosiale groep te vorm.Interpersoonlike verhoudings: Die vermoë om bevredigende verhoudings met ander te inisieer en in stand te hou. |
| Aanpasbaarheid (Hantering van verandering) | <ul style="list-style-type: none">Realiteitstoetsing: Die vermoë om eie gevoelens te valideer en eksterne realiteit in gedagte te hou.Buigsaamheid: Die vermoë om veranderinge in die alledaagse lewe te hanteer en daarby aan te pas.Probleemoplossing: Die vermoë om effektiewe oplossings vir persoonlike en sosiale probleme te genereer. |
| Streshantering (Emosionele beheer en regulering) | <ul style="list-style-type: none">Strestoleransie: Die vermoë om stres effektief te hanteer.Impulsbeheer: Die vermoë om effektiewe en konstruktiewe beheer oor emosies uit te oefen. |
| Algemene Gemoedstoestand (Selfmotivering) | <ul style="list-style-type: none">Optimisme: Die vermoë om 'n positiewe uitkyk op die lewe te hê.Geluk: Die vermoë om met die self, ander en met die lewe in die algemeen tevreden te wees. |

(Soos aangepas uit Bar-On, 2006)

Dit blyk duidelik uit voorgenoemde modelle dat Mayer, Salovey en Caruso (2000), Cherniss en Goleman (2001) en Bar-On (2006) dit eens is dat EI betrekking het op beide inter- en intrapersoonlike intelligensietipes. Alhoewel verskillende aspekte van EI deur die onderskeie skrywers beklemtoon word, tree die onderstaande kollektiewe kategorieë duidelik in hul werk na vore.

Tabel 3.4: Opsommende kategorieë van EI

| Kategorie | Beskrywing |
|---|--|
| Emosionele self-bewusheid of 'n bewustheid van eie emosies | <ul style="list-style-type: none"> Die vermoë om eie emosies te herken en te verstaan. Die vermoë om toepaslik op hierdie emosies te reageer en die oorsaak van sekere emosies te identifiseer. Die vermoë om te verstaan hoe ander individue deur jou eie emosies beïnvloed word. |
| Selfregulering (Bestuur of regulering van eie emosies) | <ul style="list-style-type: none"> Die vermoë van 'n individu om (die meeste van) haar emosies toepaslik te beheer of te hanteer. Die vermoë om situasies en faktore wat sekere emosies kan veroorsaak, te verstaan en te identifiseer. Die vermoë om negatiewe emosies, soos vrees, angs, woede en hartseer te hanteer. |
| Selfmotivering of self-werksaamheid | <ul style="list-style-type: none"> Die vermoë om emosies in die rigting van doelwitte te kanaliseer. Die vermoë van 'n individu om haar entoesiasme, selfvertroue en konsentrasie te fokus om doelwitte te bereik. Die vermoë om aksie te neem en tydsbeperkinge te stel om doelwitte te bereik. Die vermoë om korttermynbehoeftes uit te stel, ten einde langtermynbehoeftes te bevredig. |
| Empatie met, of herkenning van ander se emosies | <ul style="list-style-type: none"> Die vermoë om goed met ander te kommunikeer. Die vermoë om sensitief vir ander se emosies, besorgdhede en behoeftes te wees. Die vermoë om te besef dat mense verskillend op dieselfde situasie kan reageer. Die vermoë om toepaslik op ander se subtile tekens te reageer. Die vermoë om te besef dat mens individue gaan ontmoet waarmee jy dit moeilik gaan vind om te kommunikeer. |
| Die hantering of bestuur en instandhouding van verhoudings | <ul style="list-style-type: none"> Die vermoë om te besef wanneer ander individue negatiewe emosies (bv. angs) ervaar en na hulle uit te reik om so 'n individu te probeer help om haar emosies te bestuur. Die vestiging, bevordering en handhawing van standvastige verhoudings (nie net met ander nie, maar ook met die self). |

(Soos aangepas uit Maree & Ebersöhn, 2002)

Soos voorheen vermeld, kan die komponente van die vernaamste EI-modelle dus onder twee breë kategorieë geplaas word: bewustheid en bestuur van eie emosies en bewustheid en bestuur van ander se emosies. Die eerste dimensie sluit selfregulerende bevoegdhede in, terwyl laasgenoemde met sosiale vaardighede te make het. (Die feit dat sosiale intelligensie ook geïmpliseer word wanneer daar na EI verwys word, blyk weereens duidelik uit die bespreking van voorgenomen EI-modelle). Die wyses waarop hierdie vaardighede (bevoegdhede) gemeet kan word, word vervolgens bespreek.

3.6 DIE ASSESSERING VAN EI

Volgens sommige outeurs kan EI as 'n ou konsep gesien word, waaraan slegs 'n nuwe naam toegeken is (Gannon & Ranzijn, 2005; Waterhouse, 2006). Volgens Ciarrochi, Chan, Caputi en Roberts (2001) kan die waarde van EI slegs bepaal word deur die assessering van EI te ondersoek. Indien EI volgens hierdie outeurs nie voldoende gemeet kan word nie, moet erken word dat dit nie as 'n betekenisvolle wetenskaplike konsep beskou kan word nie.

EI kan op twee wyses geassesseer word – met behulp van prestasiegebaseerde toetse of selfrapporteringsvraelyste. 'n Prestasiegebaseerde toets bevat response wat volgens objektiewe, voorafbepaalde toekenningskriteria geëvalueer word, terwyl 'n selfrapporteringsvraelys van individue verwag om oor hul eie EI-vlakke te rapporteer. Byvoorbeeld, wanneer emosionele persepsie geassesseer word, kan deelnemers gevra word om die emosies in gesigsuitdrukkings te identifiseer (prestasie) of om te rapporteer oor hoe suksesvol hulle in die herkenning van emosies is (selfrapportering).

Ciarrochi *et al.* (2001) bespreek vyf verskille tussen prestasiegebaseerde en self-rapporteringassessering:

1. 'n Individu se ware EI word deur prestasiegebaseerde toetse geassesseer, terwyl waargenome EI deur selfrapporteringsvraelyste geassesseer word. Beide ware en waargenome EI kan belangrike (en soms onafhanklike) voorspellers wees van die wyse waarop individue by hul lewensomstandighede aanpas. Met ander woorde, wat individue oor hulself glo, kan net so belangrik wees soos wat werklik die geval is.
2. Prestasiegebaseerde toetse is oor die algemeen meer tydrowend as self-rapporteringsvraelyste, aangesien laasgenoemde individue toelaat om hul eie EI-vlakke in 'n paar bondige stellings (bv. "*I am good at perceiving emotions*") op te som,

terwyl prestasiegebaseerde toetse 'n substansiële aantal observasies vereis, voordat 'n individu se EI-vlak bepaal kan word.

3. Selfrapportervraelyste vereis van individue om insig in hul eie EI-vlakte te toon. Dit mag egter wees dat individue nie noodwendig 'n akkurate begrip van hul eie EI het nie.
4. Een van die besware teen selfrapportervraelyste, is dat individue hul response kan verdraai om hulself beter of swakker te laat vertoon. Om hierdie probleem te oorbrug, behoort skale wat die mate waarin response verdraai word, by selfrapportervraelyste ingesluit te word.
5. Selfrapportervraelyste is geneig om met bestaande persoonlikheidseienskappe (veral met die faktore waaruit die Groot Vyf faktor-model bestaan, naamlik 'Openheid vir Ervaring', 'Bewustheid', 'Ekstraversie' versus 'Introversie', 'Toegeneëntheid' en 'Neurotisme') (Costa & McCrae, 1992) ooreen te stem. Prestasiegebaseerde toetse hou minder verband met persoonlikheidsassessering, maar oorvleuel in 'n mate met tradisionele intelligensie-meetinstrumente.

Alhoewel 'n omvattende ondersoek na al die bestaande EI-asseseringsinstrumente (insluitende die geldigheid en betroubaarheid van elk) buite die navorsingsdoel van hierdie studie val, word 'n kort beskrywing van die bekendste EI-instrumente kortliks gegee. (Die EQ-i:YV is in die studie gebruik en word daarom in meer besonderhede bespreek.)

3.6.1 Prestasiegebaseerde toetse

3.6.1.1 Die *Multifactor Emotional Intelligence Scale (MEIS)*

Die *MEIS* (Mayer, Caruso & Salovey, 1998) is 'n 402-item bevoegdheidsgebaseerde skaal wat uit vier komponente (afdelings) bestaan: Afdeling 1 bestaan uit vier toetse waar die persepsie en demonstrasie van emosie in stories, ontwerpe, musiek en gesigte geassesseer word. Afdeling 2 bestaan uit twee take waar die vermoë om emosies in perceptuele en kognitiewe prosesse te assimileer, geassesseer word. Afdeling 3 bestaan uit vier toetse waar die vermoë om emosies te verstaan en daaroor te redeneer, geassesseer word. Afdeling 4 bestaan uit twee toetse waar deelnemers se vermoë om hul eie en ander se emosies te bestuur, geassesseer word.

Die puntetoekenning kan op drie wyses geskied. Die eerste, wat deur die oueurs voorgestel word, bepaal in watter mate 'n deelnemer se antwoord met die konsensus-antwoord

ooreenstem. Byvoorbeeld, as die meeste mense dink dat 'n spesifieke gesigsuitdrukking intense woede uitdruk, word aangeneem dat dit inderdaad die geval is. Individue wat nie die gesigsuitdrukking as woede beskou nie, is dan "minder korrek". Die tweede toekenningskriteria is gebaseer op oordele wat deur 'n paneel kundiges gemaak is. Toetslinge wie se response met dié van die kundiges ooreenstem, is geneig om hoër tellings te behaal. Die derde toekenningskriteria is gebaseer op die mate waarin die toetsling raai hoe 'n teiken (fotograaf, kunstenaar, en so meer) gevoel het terwyl sy besig was met die aktiwiteit (die neem van foto's, teken, en so meer). 'n Weergawe vir adolescentes (die *MEIS-A*) is ook beskikbaar.

3.6.1.2 Die Mayer-Salovey-Caruso Emotional Intelligence Test (MSCEIT)

Die *MSCEIT* (Mayer, Salovey & Caruso, 2001) is 'n 141-item bevoegdheidsgebaseerde toets wat ontwerp is om sekere probleme wat met die *MEIS* geassosieer is, op te los. Die *MSCEIT V.2.0* is 'n verkorte weergawe van die *MSCEIT V.1.1* en kan meer bruikbaar vir kundiges en navorsers wees wat die toets binne 'n beperkte tyd moet laat afneem.

Prestasie op die *MSCEIT* kan rofweg deur 'n enkele algehele prestasievlek beskryf word. Dit kan terselfertyd in twee subareas verdeel word: ervaring- en strategiese EI. 'n Individu se vermoë om emosionele inligting waar te neem, daarop te reageer en dit te manipuleer, sonder om dit noodwendig te verstaan, word deur die EK-telling vir emosionele ervaring geassesseer. Dit gee 'n aanduiding van hoe akkuraat 'n individu emosie kan lees en uitdruk en hoe goed 'n individu emosionele stimulasie met allerhande sensoriese ervaringe (bv. kleure en klank) kan vergelyk. Dit kan ook 'n aanduiding wees van die wyse waarop 'n individu onder die invloed van verskillende emosies funksioneer.

'n Individu se vermoë om emosies te verstaan en te bestuur sonder om dit noodwendig waar te neem of ten volle te ervaar, word deur die emosionele strategie-telling geassesseer. Dit dui aan hoe akkuraat 'n individu verstaan wat deur emosies te kenne gegee word (bv. dat hartseer 'n tipiese aanduiding van verlies is) en hoe emosies in 'n individu self en in ander gereguleer kan word.

Die twee algemene areas, ervaring- en strategiese EI, kan verder verdeel word in vier subskale wat die volgende vermoëns onderskeidelik assesseer: (1) akkurate waarneming van emosies; (2) die gebruik van emosies om denke, probleemoplossing en kreatiwiteit te

fasiliteer; (3) die verstaan van emosies; en (4) bestuur van emosies vir persoonlike groei. Die puntetoekenning geskied op grond van konsensus of ekspert-kriteria.

3.6.1.3 Die *Levels of Emotional Awareness Scale (LEAS)*

Die *LEAS* (Lane, Quinlan, Schwartz, Walker & Zeitlin, 1990) bestaan uit 20 tonele waar twee individue uitgebeeld word en ten doel het om vier tipes emosies te ontklok, naamlik woede, vrees, geluk en hartseer. Elke toneel word deur twee vrae gevolg: "Hoe sal jy voel?" en "hoe sal die ander persoon voel?" Elke individu se antwoord ontvang twee aparte tellings vir die emosie wat beskryf word: een vir die individu self en een vir die ander individu wat uitgebeeld word.

3.6.2 Selfrapporteringsvraelyste

3.6.2.1 Die *Trait Meta-Mood Scale (TMMS)*

Die *TMMS* (Salovey, Mayer, Goldman, Turvey & Palfai, 1995) is 'n 48-item selfrapporteringsvraelys met drie subskale wat die volgende meet: aandag wat aan emosie gegee word ('Aandag'), die vermoë om tussen emosies te onderskei ('Helderheid') en die individu se vermoë om haar eie gemoed te herstel ('Herstel'). Items word volgens 'n 5-punt Likertskaal gegradeer van (5) (stem definitief saam) tot (1) (stem definitief nie saam nie). 'n 30-Item weergawe van die *TMMS* is ook beskikbaar.

3.6.2.2 Die *Schutte Self-Report Inventory (SSRI)*

Die *SSRI* (Schutte, Malouff, Hall, Haggerty, Cooper, Golden & Dornheim, 1998) bestaan uit 33 items en is gebaseer op die Mayer-Salovey-Caruso konseptuele model. 'n Individu se algehele EI, sowel as die volgende subfaktore word deur die *SSRI* geassesseer: emosionele persepsie, bestuur van self-relevante emosies, bestuur van ander se emosies en benutting van emosies.

3.6.2.3 Die *Toronto Alexithymia Scale (TAS-20)*

Die *TAS-20* (Bagby, Parker & Taylor, 1994) is een van die EI-meetinstrumente wat die meeste gebruik word, alhoewel dit nie vir hierdie doel ontwerp is nie. Dit is eerder as 'n meetinstrument vir *alexithymia* bedoel. Dit bestaan uit 20 items en drie skale om gebreke in

die identifisering van emosies, die beskrywing van emosies en ekstern-georiënteerde denke te assesseer.

3.6.2.4 Die *Trait Emotional Intelligence Questionnaire (TEIQue)*

Die *TEIQue* (Tsaousis, 2003) is 'n 144-item vraelys en gebaseer op 'n vyf-punt Likertskaal. Die meeste items is uit bestaande vraelyste gehaal, insluitende die *Affective Communication Test* (Friedman, Prince, Riggio & DiPaolo, 1980), die meting van *Emotional Empathy* (Mehrabian & Epstein, 1972), die *Toronto Alixythimia Scale* (Bagby *et al.*, 1994), die *Trait Meta-Mood Scale* (Salovey *et al.*, 1995), die *SSRI* (Schutte *et al.*, 1998), asook die *EQ-i* (Bar-On, 1997).

3.6.2.5 Die *Emotional Competence Inventory (ECI)*

Die *ECI* (Boyatzis, Goleman & Hay/McBer, 1999) is 'n gekombineerde selfrapporteerings- en observasieskaal, waardeur vier aspekte van EI gemeet kan word. Die eerste aspek, naamlik *self-bewustheid*, sluit meting van emosionele self-bewustheid, akkurate self-assessering en selfvertroue in. Die tweede, *selfbestuur*, meet selfbeheer, betroubaarheid, pligsgetrouwheid, aanpasbaarheid, prestasie-oriëntasie en inisiatief. Die derde, *sosiale bewustheid*, bestaan uit empatie, organisatoriese bewustheid en diensoriëntasie. Die vierde, *sosiale vaardighede*, sluit die meting van die ontwikkeling van ander vaardighede, naamlik leierskap, kommunikasie, konflikbestuur, spanwerk en samewerking in. Hierdie bevoegdhede word gemeet deur informante te vra om die teiken-deelnemer te gradeer, sowel as vir die teiken-deelnemer om haarself deur selfrapportering te evalueer.

3.6.2.6 *Emotional Intelligence Inventory (EQ-i)*

Die *EQ-i* (Bar-On, 1997) is die eerste empiries-gekonstrueerde toets van nie-kognitiewe intelligensie in die wêreld. Hierdie vraelys is gekonstrueer deur items by spesifieke operationeel-gedefinieerde faktore te pas en die finale selektering is gebaseer op statistiese prosedures en wiskundige modelle wat met teoretiese oorwegings en uitgebreide terugvoer van beide ervare kundiges en respondenten verkry is (Bar-On, 1997).

Die *EQ-i* is 'n 133-item vraelys met 15 subskale wat gebruik word om die nie-kognitiewe aspekte van persoonlike funksionering te meet, soos 'n individu se vermoë om die druk en

eise wat in die omgewing aan haar gestel word, te hanteer. Die eerste vyf skale verwys na intrapersoonlike komponente: ‘Emosionele Self-bewusheid’, ‘Selfgelding’, ‘Selfagting’, ‘Self-aktualisering’ en ‘Onafhanklikheid’. Die interpersoonlike komponent bestaan uit ‘Empatie’, ‘Interpersoonlike verhoudings’ en ‘Sosiale verantwoordelikheid’. Die *EQ-i* bevat verder drie skale om ‘Aanpasbaarheid’ te meet (naamlik ‘Probleemoplossing’, ‘Realiteitstoetsing’ en ‘Buigsaamheid’) en twee skale om ‘Streshantering’ te assesseer (naamlik ‘Strestoleransie’ en ‘Impulsbeheer’). Die instrument sluit ook twee Algemene Gemoedstoestandskale in, naamlik ‘Geluk’ en ‘Optimisme’. ’n Vyf-punt Likertskaal word gebruik wat wissel van “baie selde waar van my of nie waar van my” (1) tot “baie dikwels waar van my of waar van my” (5).

Ek het besluit om die *Emotional Intelligence Inventory: Youth Version (EQ-i:YV)* in die studie te gebruik, aangesien ek die meeste by Bar-On se siening van EI as ’n nie-kognitiewe komponent van intelligensie aanklank vind. Verder blyk die instrument oor genoegsame geldigheid en betroubaarheid te beskik (sien hoofstuk 5 vir ’n volledige bespreking daarvan).

Die *EQ-i:YV*

Die *EQ-i:YV* is ’n EI-selfrapportatingsmeetinstrument wat deur Bar-On en Parker (2000) ontwikkel is. Kinders en adolesente tussen die ouerdomme van 7 en 18 jaar word gevra om te reageer op die stellings wat die wyse waarop hulle in die meeste situasies voel, dink of optree, die beste beskryf. Response word op ’n vier-punt Likertskaal deur die deelnemer gegradeer, wat wissel van “baie selde waar van my of nie waar van my” (1), tot “baie dikwels waar van my of waar van my” (4). Hoër tellings op die *EQ-i:YV* is aanduidend van verhoogde emosionele intelligensielakke.

Teoretiese kennis, empiriese navorsing en gevorderde psigometriese tegnieke is in die *EQ-i:YV* geïntegreer. Die belangrikste kenmerke van die instrument kan soos volg saamgevat word:

- Geslags- en ouerdomspesifieke norme word verstrek (vier verskillende ouerdomsgroepe tussen die ouerdomme van 7 en 18 jaar).
- ’n Groot normatiewe steekproef is gebruik.
- Die kernaspekte van EI word deur multidimensionele skale gemeet.
- Die instrument maak voorsiening vir ’n positiewe indrukskaal (identifiseer individue wat ’n beter indruk van hulself probeer skep het as wat werklik die geval is).
- ’n Korreksiefaktor kom voor (laat die moontlikheid toe vir aanpassing by jong kinders).

- 'n Inkonsekwentheidsindeks is ingesluit (wat vir die opspoor van nie-konsekwente antwoordstyle gebruik word).
- Toepassing, puntetoekenning en opstel van profiele kan maklik geskied.
- Die instrument kan as geldig en betroubaar beskou word (Bar-On & Parker, 2000) (Die geldigheid en betrouwbaarheid van die *EQ-i:YV* word in hoofstuk 5 in meer besonderhede bespreek).

Die *EQ-i:YV* is uit 60 items saamgestel wat oor sewe skale versprei is. 'n Ekstra skaal word ingesluit waarvolgens die itemresponskonstantheid geassesseer kan word. Daar is ook 'n korter weergawe (30 items) beskikbaar. Die 60-item *EQ-i:YV* is in die studie gebruik. Die volgende skale word by die *EQ-i:YV* ingesluit:

- Totale EK:
 - Intrapersoonlike skaal
 - Interpersoonlike skaal
 - Aanpasbaarheidskaal
 - Streshanteringskaal
- Algemene Gemoedstoestandskaal
- Positiewe indrukskaal
- Inkonsekvensie-indeks (Bar-On & Parker, 2000).

Gemiddelde tot bogemiddelde tellings op die *EQ-i* (en die *EQ-i:YV*) veronderstel 'n individu wat potensieel effektief in emosionele en sosiale funksionering is (met ander woorde, iemand wat waarskynlik emosioneel – en dus sosiaal – intelligent is). Hoe hoër die tellings, hoe meer positief is die voorspelling vir effektiewe funksionering, met ander woorde die individu se vermoë om die eise en druk van die omgewing te hanteer. In teenstelling hiermee, word 'n onvermoë om sukses in die lewe te hanteer en die moontlikheid van emosionele, sosiale of gedragsprobleme deur laer tellings veronderstel. (Bar-On, 1997).

3.6.3 Gevolgtrekking: Prestasiegebaseerde toetse versus selfrapportervraelyste

Uit voorgenoemde bespreking blyk dit dat 'n individu se begrip van haar eie emosies en die bestuur van emosionele situasies (met ander woorde 'n individu se persepsie van haar EI) deur selfrapportervraelyste gemeet word, terwyl die **kennis** (outeur se beklemtoning) van toepaslike strategieë vir die bestuur van emosies, eerder as die **vaardigheid** (outeur se

beklemtoning) om hierdie strategieë te implementeer, deur prestasiegebaseerde toetse geassesseer word (Lopes, Salovey, Côté & Beers, 2005).

Uit die betoog tot dusver blyk dit dat daar nie 'n sterk korrelasie tussen hierdie twee metodes van assessering bestaan nie. Brackett en Mayer (2003) rapporteer byvoorbeeld korrelasies van .21 en .18 tussen die *MSCEIT* en die *EQ-i* (Bar-On, 1997) en *SSRI* (Schutte *et al.*, 1998) onderskeidelik. Bar-On (2004) dui in die resultate van agt ongepubliseerde studies van die *MSCEIT* en die *EQ-i* 'n korrelasie van .31 tussen die instrumente aan (totale $n = 1256$). Sommige outeurs beskou die lae korrelasies tussen die twee assessoringsmetodes as problematies en voer aan dat selfrapporteringsvraelyste eerder op die meting van persoonlikheid as EI betrekking het (Zeidner, Shani-Zinovich, Matthews & Roberts, 2005).

Die vraag of die twee assessoringsmetodes inderdaad dieselfde konstruk meet, het wye kritiek in die literatuur uitgelok. Laasgenoemde en ander probleme met betrekking tot EI wat uit die literatuur geïdentifiseer kon word, word vervolgens bespreek.

3.7 KRITIEK TEEN BESTAANDE EI-BENADERINGS

3.7.1 EI as verskillende konstrukte

Die verskillende EI-benaderings en meetinstrumente word skerp in die literatuur gekritiseer (bv. Arsenio, 2003; Austin, Saklofske & Egan, 2005; MacCann, Matthews, Zeidner & Roberts, 2003; Roberts *et al.*, 2001; Waterhouse, 2006; Zeidner *et al.*, 2005). Ten einde die konstruktgeldigheid van EI te bepaal, moet die gedeeltelike (of algehele) onafhanklikheid van ander, oënsklynlik ooreenkomsige, konsepte bepaal word (Davies, Stankov & Roberts, 1998).

Verskeie outeurs se grootste beswaar is dat dieselfde konstruk nie deur die verskillende EI-meetinstrumente (bv. die *MSCEIT* en die *EQ-i*) gemeet word nie. Dit is die rede waarom Petrides en Furnham (2001) "bevoegdheid-EI" en "eienskap-EI" voorstel, aangesien voornoemde volgens die outeurs twee konstrukte is, eerder as twee wyses waarop dieselfde konstruk gemeet word. Ek is egter meer gemaklik met Mayer *et al.* (2000) wat in hierdie verband voorstel dat daar eerder na "gemengde modelle" versus "bevoegdheidsmodelle" verwys word. EI word in "gemengde modelle" as 'n diverse konstruk gekonseptualiseer, insluitende aspekte van persoonlikheid, sowel as die vermoë om emosies waar te neem, te verstaan en te bestuur. Hierdie gemengde modelle sluit motiverende faktore en affektiewe

disposisies (bv. selfbeeld, selfgelding, empatie) in (Bar-On, 1997; Goleman, 1995), terwyl daar in bevoegdheidsmodelle op die aanleg vir die prosessering van affektiewe inligting gefokus word (Mayer *et al.*, 2000).

In hierdie vroeë fase van die teorie se ontwikkeling kan die generering van verskeie weergawes van die EI-teorie eerder as 'n teken van vooruitgang as 'n tekortkoming beskou word (Cherniss, Extein, Goleman & Weissberg, 2006). Soos reeds vermeld, bestaan daar byvoorbeeld steeds verskeie beskouinge oor kognitiewe intelligensie (veral IK) en na dekades se navorsing is konsensus steeds nie bereik oor wat IK behels en wat die beste metode is om dit te meet nie. Om so 'n konsensus vir EI te verwag, veral in hierdie vroeë stadium van ontwikkeling, blyk onregverdig te wees. Nietemin, soos wat die geval met EI-definisies is, blyk daar merkbare ooreenkomste tussen al die modelle te wees (sien tabel 3.4). Al die EI-modelle sluit 'n reeks subkomponente in wat inter- en intrapersoonlike emosionele vaardighede omvat, met die algehele EI wat 'n gelyksoortige rol in algemene vermoë speel, aangesien 'n breë meting van emosionele bevoegdhede daardeur voorsien word.

3.7.2 EI as kultureel-gebonde konstruk

EI word dikwels as 'n kultureel-gebonde konstruk beskou, waarin Westerse idees van introspeksie en psigologiese ingesteldheid weerspieël word (Parker, Saklofske, Shaughnessy, Huang, Wood & Eastabrook, 2005). Hierdie bewering is gebaseer op navorsing wat merkwaardige verskille tussen etniese groepe rakende emosionele oordele, houdings en self-gerapporteerde emosionele uitdrukings aantoon. Matsumoto in Alumran en Punamäki (2008) toon byvoorbeeld aan dat die vermoë om emosies in ander te herken en te reguleer, volgens kultuurgroepe verskil.

Effektiewe emosionele funksionering blyk dus dikwels situasie-afhanklik te wees; die mees aanpasbare aksie in emosionele omstandighede hang daarom volgens Zeidner *et al.* (2002) af van die verhouding tussen die individu (of individue) betrokke en sosiokulturele norme. Hierdie outeurs stel voor dat EI moontlik as die samevoeger van die individu en die omgewing gesien kan word. EI het met ander woorde te doen met die mate waarin die individu daarin slaag om haar oortuigings en aksies rakende gegewe emosies aan kultureel-gedefinieerde vereistes te laat voldoen. Daar blyk egter 'n leemte in die literatuur te wees

rakende die verhouding tussen EI en kulturele verskille. Ek gaan onder meer hierdie (moontlike) verhouding in my studie verken.

3.7.3 EI en persoonlikheid

3.7.3.1 Kritiek teen selfrapporteringsvraelyste

Soos reeds vermeld, is sommige navorsers van mening dat EI (wat deur selfrapporteringsvraelyste gemeet word) nie 'n unieke konstruk is wat enigiets verklaar wat nie deur persoonheidseienkappe verantwoord kan word nie (Davies *et al.*, 1998; Newsome, Day & Catano, 2000). Die ooreenkoms tussen EI-selfrapporteringsvraelyste en persoonlikheidsinventarisste het eersgenoemde outeurs byvoorbeeld laat opmerk dat

*as presently postulated, little remains of emotional intelligence that is unique and psychometrically sound. Thus [self-report] questionnaire measures are too closely related to 'established' personality traits to be considered anything new (Davies *et al.*, 1998:1013).*

Die diskriminante geldigheid¹⁰ van selfrapporteringsvraelyste word ook deur ander outeurs bevraagteken, met ander woorde hierdie outeurs is nie oortuig dat EI (en nie bloot persoonlikheid) deur selfrapporteringsvraelyste gemeet word nie (sien MacCann *et al.*, 2003; Mayer, Salovey, Caruso & Siterenios, 2003 en Zeidner, Matthews & Roberts, 2004 vir 'n gedetailleerde beskrywing hiervan).

'n Ander aspek van selfrapporteringsvraelyste wat dikwels kommer wek, is die vraag of individue (en veral kinders en adolesente) in staat is om op 'n geldige en betroubare wyse oor hul EI-vlakte te rapporteer. Navorsing dui nietemin aan dat 'n individu se persepsies van haarself en ander 'n sterk invloed op haar denke, gedrag en geestelike gesondheid het – ongeag of dit akkuraat is of nie (Beyer & Bowden, 1997; Taylor & Brown, 1988). Dit blyk dus dat selfrapporteringsvraelyste steeds 'n sinvolle bydrae kan lewer om 'n individu se EI te bepaal, aangesien dit waardevolle inligting verskaf oor 'n individu se siening van haarself en ander.

Ciarrochi *et al.* (2001) toon nietemin aan dat adolesente wel in staat is om op 'n geldige en betroubare wyse oor hulle eie EI-vlakte te rapporteer. Bar-On *et al.* (2003) het 'n studie onderneem waarin geïllustreer word dat die *EQ-i* selfs geïmplementeer kan word met individue wat beskadiging in die ventromediale korteks toon. Hierdie tipe breinbesering

¹⁰ Die konsep "diskriminante geldigheid" dui aan dat daar 'n duidelike onderskeid getref kan word tussen konstrukte wat veronderstel is om van mekaar te verskil (Trochim, 2001).

veroorsaak gewoonlik 'n sekere graad van anosognosia (bv. 'n gebrek aan self-bewustheid van verworwe tekortkominge). Aangesien die *EQ-i* op selfrapportering gebaseer is, kan die vraag ontstaan of hierdie instrument 'n geldige meting van emosionele en sosiale intelligensie sal verskaf wanneer dit met hierdie spesifieke groep gebruik word. Resultate van Bar-On *et al.* (2003) se studie toon aan dat abnormale vlakke van emosionele en sosiale intelligensie suksesvol deur die *EQ-i* nagespeur kan word. Dit blyk dus dat die instrument voldoende konstrukgeldigheid openbaar wanneer dit gebruik word met individue wat andersins onbewus sou wees van die beperkinge van hul eie emosionele en sosiale vaardighede. Inteendeel, laer tellings – spesifiek op die subskale Selfagting (akkurate self-bewustheid) en Selfgelding (self-uitdrukking) – impliseer waarskynlik dat hierdie deelnemers lae self-bewustheid toon, wat konsekwent is met hulle simptomatologie: hulle tellings op hierdie twee skale sou laer gewees het sonder die *EQ-i* se korreksiefaktor waar skaaltellings outomaties aangepas word om vir verskillende tipes onakkuraathede wat in responsgewing mag voorkom, te kompenseer.

3.7.3.2 EI-bevoegdhede versus persoonlikheidseienskappe

Alhoewel sommige outeurs van mening is dat EI geen nuwe bydrae lewer nie, duï die oorwig literatuur aan dat EI inderdaad bevoegdhede/vaardighede verteenwoordig wat van die Groot Vyf persoonlikheidseienskappe onderskei kan word. Bar-On (1997) stem saam dat EI (en spesifiek die *EQ-i*) met persoonlikheidseienskappe verband hou, maar hy beklemtoon dat EI wel as 'n unieke konstrukt beskou kan word. Alhoewel sy navorsing byvoorbeeld betekenisvolle korrelasies tussen verskeie *EQ-i*-subskale en die Sestien Persoonlikheidsfaktorvraelys (16PF 5^{de} Uitgawe) (Cattell, Catell & Catell, 1993) toon, wissel korrelasies tussen die Emosionele Stabiliteit-faktor en die totale *EQ-i*-telling van 0.51 tot 0.72 (Bar-On, 1997). Emosionele Stabiliteit toon verder 'n betekenisvolle verband met Optimisme ($r = 0.65$), Strestoleransie ($r = 0.67$) en Selfagting ($r = 0.64$).

Rosete en Ciarrochi (2005) se studie veronderstel ook dat EI 'n stel bevoegdhede verteenwoordig wat van persoonlikheidseienskappe verskil. Van Rooy, Viswesvaran en Pluta (2005) het 'n meta-analise onderneem wat verdere ondersteuning voorsien vir die aanname dat EI van persoonlikheid onderskei kan word. Waar temperamentele gedrawe disposisies deur persoonlikheidsteorieë beklemtoon word, val die klem in EI-teorie op verwerfde bevoegdhede wat 'n individu kan help om haar emosies te reguleer en sosiale

interaksies te bestuur. Bevoegdhede en disposisies voorsien dus verskillende en komplementêre perspektiewe vir die begrip van sosiale en emosionele aanpassing.

Palmer *et al.* (2002) en Schutte *et al.* (1998) se navorsing voorsien verder ondersteuning dat EI verband hou met, maar van die Groot Vyf persoonlikheidsdimensies onderskei kan word. Die unieke bydrae van EI word verder deur Law, Wong en Song (2004) se bevindinge in twee studies onderskeidelik ondersteun. Hierdie outeurs het in een studie gevind dat EI-selfrapporteringsvraelyste en persoonlikheid saam 'n beter voorspelling van lewens-tevredenheid verskaf het as wat slegs deur persoonlikheid voorsien kon word. Hulle het in 'n ander studie (waar 'n studente- én werkersteekproef geïmplementeer is) gevind dat, nadat kontrolemaatreëls getref is om die moontlikheid van die Groot Vyf persoonlikheidsdimensies uit te skakel, ander se gradering van EI addisionele variasie in studente se lewens-tevredenheid en gevoelens van magteloosheid aangetoon het (Law, Wong & Song, 2004).

Bevindinge deur Lopes, Brackett, Nezlek, Schütz, Sellin en Salovey (2004) veronderstel dat beide emosionele bevoegdhede en persoonlikheidseienskappe met sosiale aanpassing verband hou. Hierdie bevindinge stem ooreen met die resultate van ander studies (Lopes, Côté, Grewal, Salovey, Kadis & Gall in Lopes *et al.*, 2004; Lopes, Salovey & Straus, 2003) waar tellings op die *MSCEIT* en die Groot Vyf persoonlikheidseienskappe onafhanklik verantwoordelik vir betekenisvolle verskille in aanduiers van sosiale aanpassing blyk te wees.

Wanneer voorgenoemde navorsing in ag geneem word, blyk dit dat EI ooreenkoms toon met, maar inderdaad van die tradisionele aspekte van persoonlikheid verskil.

3.7.4 EI en kognitiewe intelligensie (IK)

3.7.4.1 Neurologiese differensiasie van kognitiewe en emotiewe funksies

Waterhouse (2006) beweer in haar kritiek teen EI dat laasgenoemde en IK nie gedifferensieer kan word nie. Sy is van mening dat daar nie 'n unieke onderliggende neurale sisteem vir emosionele en sosiale bevoegdhede bestaan nie, aangesien beide emosie en kognisie in 'n individu se verstand georkestreer word. 'n Intensieve literatuuroorsig deur Goleman (2001) rakende die neurofisiologie van EI en 'n meta-analise deur Van Rooy *et al.* (2005) oor die korrelasie tussen EI en IK toon egter die teendeel aan, naamlik dat daar aparte neurale sisteme vir kognisie en emosie bestaan.

Die onafhanklikheid van die kognitiewe en emosionele sisteme kan geïllustreer word aan die hand van individue met Asperger-sindroom en diogene met selektiewe breinbeskadiging. Individue met Asperger-sindroom toon normale of superieure intelligensievlake, ten spyte van merkbare gebreke in EI-bevoegdhede soos empatie en die lees van gesigsuitdrukings (Baron-Cohen, 1995). Individue met beskadiging in die ventromediale korteks toon gebrek-kige persoonlike oordeel in besluitneming, wat veral manifesteer in die wyse waarop hierdie individue met ander omgaan, asook in verkeerde keuses wat dikwels deur hulle gemaak word. Hierdie spesifieke tipe beskadiging word geobserveer, selfs in gevalle waar die individu se kognitiewe vermoë (IK) in die normale of bogemiddelde kategorie val (Bar-On *et al.*, 2003; Bechara, Tranel & Damasio, 2000).

Ten spyte van normale intellektuele vermoë, ondervind hierdie individue veral probleme in die bewustheid van eie en ander se emosies, om emosies te bestuur en te beheer, om aanpasbaar vir verandering te wees, om probleme van 'n persoonlike aard op te los en om hulself te motiveer en positiewe affek te mobiliseer (Bar-On *et al.*, 2003). Selfagting (akkurate self-bewustheid) en selfgelding (self-uitdrukking) staan in Bar-On *et al.* (2003) se studie uit as die bevoegdhede wat die meeste deur 'n ventromediale breinbesering geaffekteer word. Dit is te verstanne, aangesien hierdie twee van die belangrikste EI-komponente is. Hierdie individue is dus kognitief intelligent, maar wat die oordeel in besluitneming (op 'n intra- en interpersoonlike vlak) betref, tree hulle nie op soos wat van "intelligente" individue verwag sou word nie.

Uit voorgenoemde illustrasies blyk dit dat EI 'n konsep is wat fundamenteel van kognitiewe intelligensie verskil. Die groot verskille tussen hierdie twee belangrike komponente van algemene intelligensie mag wees dat kognitieve intelligensie meer afhanklik is van kortikale strukture wat logiese redenering ondersteun, terwyl EI meer afhanklik is van limbiese en verbandhoudende neurale sisteme wat met die prosessering van emosies te make het (Bar-On *et al.*, 2003).

3.7.4.2 EI versus IK: Watter een is belangriker ten opsigte van lewensukses?

Die bevindinge dat EI betekenisvol verband hou met 'n individu se vermoë om persoonlike oordeel in besluitneming te gebruik, help verduidelik waarom hierdie konsep dikwels aan menslike prestasie gekoppel word (Bar-On *et al.*, 2003). Vir 'n individu om goed te presteer

en suksesvol in haar beroeps- en persoonlike lewe te wees, vereis skynbaar die vermoë om emosioneel- en sosiaal-intelligente besluite te maak, en nie net 'n hoë IK nie.

Kritici van EI-teorie verwys in hierdie verband dikwels na algemene wanopvattinge oor Goleman (1995, 1998) se posisie rakende die relatiewe belangrikheid van EI vir sukses en geluk in die lewe. Hulle fokus veral op sy bewerings dat EI belangriker as IK vir effektiewe prestasie in die werksplek is. Goleman (2005) verduidelik die onduidelikhede in sy vroeëre publikasies waarin twee wydverspreide gevolgtrekkings (wat hy nie bedoel het nie) aangemoedig word: die aanname dat EI verantwoordelik is vir 80% van sukses in die lewe en dat dit 'n belangriker voorspeller as IK vir akademiese prestasie is. Goleman (2001:22) skryf:

My belief is that if a longitudinal study were done, IQ would be a much stronger predictor than EI of which jobs or professions people can enter. Because IQ stands as a proxy for the cognitive complexity a person can process, it should predict what technical expertise that person can master. Technical expertise, in turn, represents the major set of threshold competencies that determine whether a person can get and keep a job in a given field. IQ, then, plays a sorting function in determining what jobs people can hold. However, having enough cognitive intelligence to hold a given job does not by itself predict whether one will be a star performer or rise to management or leadership positions in one's field.

Goleman (2005:xiv-xv) verduidelik verder:

*IQ washes out when it comes to predicting who, among a talented pool of candidates **within** (outeur se beklemtoning) an intellectually demanding profession will become the strongest leader. In part this is because of the floor effect: everyone at the top echelons of a given profession, or at the top levels of a large organization, has already been sifted for intellect and expertise. At those lofty levels a high IQ becomes a threshold ability, one needed just to get into and stay in the game.*

Goleman stel dus voor dat EI-bevoegdhede, eerder as IK of tegniese vaardighede, beter sal kan onderskei wie die beste bevoeg in topposisies sal wees. Hy is daarom van mening dat EI baie belangrik in die selektering, bevordering en ontwikkeling van leiers is. Voorge-noemde se siening word deur Judge, Colbert en Ilies (2004:542) ondersteun wat tot die gevolgtrekking gekom het dat *the relationship between intelligence and leadership is considerably lower than previously thought*.

Ek stem saam met Goleman (2001) dat die rol van 'n individu se kognitiewe intelligensie in lewensukses nie ontken kan word nie, maar dat EI as 'n ewe belangrike komponent van algemene intelligensie beskou moet word – vanweë die betekenisvolle rol wat dit in 'n individu se funksionering en in haar hantering van omgewingseise speel. Die betekenisvolheid van EI word vervolgens bespreek.

3.8 BETEKENISVOLHEID VAN EI

3.8.1 Die rol van emosie en emosionele vaardighede

Emosie word gedefinieer as *an organized response system that coordinates physiological, perceptual, experiential, cognitive, and other changes into coherent experiences of moods and feelings, such as happiness, anger, sadness, and surprise* (Smith & Lazarus, 1990:610). Daar bestaan geen twyfel dat baie van 'n individu se alledaagse kognitiewe en gedrags-funksies, insluitende geheue en besluitneming, deur emosie beïnvloed word nie en dat dit 'n noodsaaklike rol speel in die wyses waarop individue optree en met mekaar omgaan.

Etlike studies op verskillende terreine dui aan dat emosionele vaardighede as 'n essensiële komponent van sosiale en emosionele aanpassing beskou kan word (Keltner & Haidt, 2001; Salovey, Mayer & Caruso, 2002). Damásio (1994) se studies met pasiënte wat brein-beserings opgedoen het, toon aan dat die vermoë om emosionele inligting met rasionele besluitneming en ander kognitiewe prosesse te integreer, essensieel is vir individue om hulle lewens te bestuur. Studies met kinders (waartydens 'n verskeidenheid assesserings-instrumente gebruik is) toon 'n verband tussen die vermoë om gesigsuitdrukings te lees, emosionele woordeskat te verstaan en emosies te reguleer, aan die een kant, en sosiale bevoegdheid en aanpassing (soos deur die portuurgroep, ouers en onderwysers beskou) aan die ander kant (vir besprekings sien Eisenberg, Fabes, Guthrie & Reiser, 2000; Feldman, Philippot & Custrini, 1991; Halberstadt, Denham & Dunsmore, 2001; Saarni, 1999).

Greenberg, Kusché, Cook en Quamma (1995), sowel as Kusché en Greenberg (2001) dui aan dat opleiding in emosionele vaardighede tot sosiale aanpassing bydra. Positiewe emosionaliteit word dus met sosialiteit geassosieer, terwyl volgehoue negatiewe affek dikwels met isolasie in verband gebring word (Furr & Funder, 1998). Dienooreenkombstig probeer individue om emosionele inligting te prosesseer en emosionele dinamika intelligent te bestuur, ten einde die sosiale wêreld te navigeer. Die belangrikheid van emosie (en EI) in menslike aangeleenthede is dus vanselfsprekend.

3.8.2 Die rol van EI in menslike funksionering

Volgens Waterhouse (2006) toon die literatuur nie genoegsame bewyse dat EI 'n unieke bydrae tot alledaagse lewensukses lewer nie. Daar bestaan inderdaad teenstrydighede in

die literatuur oor die rol wat EI in individue (kinders, adolessente en volwassenes) se funksionering en hantering van omgewingseise speel. Met hierdie afdeling van my literatuurstudie gaan ek poog om hierdie teenstrydighede te verken.

3.8.2.1 EI en fisiese gesondheid

Daar is die afgelope paar jaar 'n toenemende belangstelling in die wyses waarop fisiese (en psigologiese) gesondheid deur beide emosionele reaksies en ervaringe beïnvloed word. Daar word byvoorbeeld beweer dat negatiewe emosionele state met ongesonde patronen van fisiologiese funksionering geassosieer word, terwyl positiewe emosionele state met gesonder reaksiepatrone in beide kardiovaskulêre aktiwiteite en die immuunsisteem geassosieer word (Booth-Kewley & Friedman, 1987; Herbert & Choen, 1993).

Salovey, Rothman, Detweiler en Steward (2000) beklemtoon die invloed van emosionele state op fisiese gesondheid, met ander woorde daar word voorgestel dat 'n individu se persepsie van fisiese simptome deur haar emosionele staat beïnvloed word. Baie navorsing duif die invloed van 'n negatiewe gemoed of onaangename emosionele ervaringe op 'n aantal gewoontes of gedragspatrone aan wat as ongesond beskou kan word, byvoorbeeld rook en alkoholmisbruik (Brandon, 1994; Cooper, Frone, Russell & Mudar, 1995). Verskeie studies toon ook 'n direkte verband tussen emosionele opwekking (veral woede) en negatiewe kardiovaskulêre gevolge aan (Friedman, 1992; Kamarck & Jennings, 1991; Smith, 1992).

Salovey, Bedell, Detweiler en Mayer (1999:161) beweer in 'n ander studie dat individue wat in staat is om hulle emosionele state te reguleer, gesonder is, aangesien hulle *accurately perceive and appraise their emotional states, know how and when to express their feelings, and can effectively regulate their mood states*. Hierdie eienskappe wat met emosionele persepsie, uitdrukking en regulering van gemoedstemminge en emosies te make het, veronderstel dat daar 'n direkte verband tussen EI en fisiese, sowel as psigologiese gesondheid behoort te wees (Tsaousis & Nikolaou, 2005).

3.8.2.2 EI en psigologiese gesondheid

i. Die impak van hoër EI

Verskeie navorsers is van mening dat 'n individu wat emosioneel intelligent is, beter in staat is om emosies meer effekief te reguleer en meer effektiewe hanteringstrategieë te openbaar

en daarom waarskynlik beter psigologiese gesondheid sal geniet (Bar-On, 1997; Mavroveli, Petrides, Rieffe & Bakker, 2007; Taylor, 2001).

Daar is tale bewyse wat voorstel dat EI met 'n reeks faktore verband hou, waardeur die kans op lewensukses verhoog kan word. Navorsing dui byvoorbeeld aan dat individue met 'n hoë EI hoër vlakke van effektiewe streshantering, probleemoplossing en toereikende gemoedsregulering toon (Alumran & Punamäki, 2008; Bar-On, 2001; Ciarrochi *et al.*, 2000; Ciarrochi, Deane & Anderson, 2002; Nikolaou & Tsaousis, 2002; Slaski & Cartwright, 2002). Verder blyk individue met hoë EI oor die algemeen gelukkiger as diegene met 'n laer EI te wees (Furnham & Petrides, 2003; Martinez-Pons, 1997; Palmer *et al.*, 2002) en minder geneig om depressief en moedeloos te wees, of selfmoordneigings te openbaar (Ciarrochi *et al.*, 2002). Daar blyk verder 'n positiewe verband tussen EI en selfbeeld te wees (Fernández-Berrocal, Alcaide, Extremera & Pizarro, 2006; Qualter, Whitley, Hutchinson & Pope, 2007). Daar is ook bevind dat 'n hoë EI verband hou met 'n individu se gewilligheid om professionele, sowel as nie-professionele hulp in die hantering van persoonlik-emosionele probleme, depressie en selfmoordneigings te soek (Ciarrochi & Deane, 2001).

ii. Die impak van laer EI

Navorsing dui aan dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen EI en psigologiese nood bestaan (Slaski & Cartwright, 2002). Individue met laer EI blyk byvoorbeeld meer vatbaar vir angs en depressie te wees (Ciarrochi & Deane, 2001; Dawda & Hart, 2000; Fernández-Berrocal, *et al.*, 2006; Schutte *et al.*, 1998) en meer dikwels negatiewe hanteringsgedrag, byvoorbeeld substans-misbruik en sosiaal-afwykende gedrag te openbaar (Austin *et al.*, 2005; Brackett & Mayer, 2003; Brackett, Mayer & Warner, 2004; Cobb & Mayer, 2000; Daus & Ashkanasy, 2005; Goldenberg, Matheson & Mantler, 2006; Ivcevic, 2005; Lopes *et al.*, 2003; Taylor, 2000; Trinidad & Johnson, 2002). Lae EI is ook al met lae selfbeeld en swak impulsbeheer in verband gebring (Salovey, Stroud, Woolery & Epel, 2002; Schutte *et al.*, 1998).

iii. Die toepassing van EI in opleiding en terapeutiese intervensie

Bar-On (2006) beklemtoon dat EI deur inoefening en terapeutiese ingryping oor 'n tydperk ontwikkel kan word. Die suksesvolle implementering van "emosionele en sosiale leer" (met ander woorde EI-opleiding) in skole word in verskeie studies geïllustreer (Bar-On, 2006; Graczyk, Weissberg, Payton, Elias, Greenberg & Zins, 2000). Maree en Fernandes (2003)

en Meijer (2006) toon in hulle studies aan dat EI ook suksesvol by psigoterapie geïnkorporeer kan word. Die meting van 'n individu se EI kan rigting aan die terapie verskaf, aangesien baie inligting rakende die kliënt se emosionele funksionering hierdeur voorsien word en baie tyd met betrekking tot probleemverheldering sodoende gespaar kan word.

3.8.2.3 EI en akademiese prestasie

i. Vroeë voorspellers vir akademiese sukses

Gegewe die toenemende belangrikheid van 'n graad 12-sertifikaat ten opsigte van lewensukses, is dit nie verbasend dat 'n groot hoeveelheid literatuur bestaan oor die faktore wat akademiese sukses in onder meer die hoërskool kan bevorder nie. Vorige navorsing oor die psigologiese voorspellers van akademiese prestasie het primêr op kognitiewe voorspellers gefokus (Farsides & Woodfield, 2003; Neisser, Bodoo, Bouchard, Boykin, Brody, Ceci, Halpern, Loehlin, Perloff, Sternberg & Urbina, 1996; Sternberg, 1996). Hierdie navorsing het IK as 'n belangrike voorspeller vir akademiese prestasie aangetoon, alhoewel die rol daarvan in die verskillende studies wissel afhangende van die tipe akademiese assesseringsinstrument wat gebruik is.

Namate navorsing egter begin aantoon het dat 'n individu se IK nie as die enigste voorspeller vir akademiese sukses beskou kan word nie (Mayer & Salovey, 1993) het navorsers toenemend bewus geraak van die behoefté om 'n breë spektrum van potensiële voorspellers vir akademiese sukses te ondersoek. 'n Individu se persoonlikheid, sosio-ekonomiese faktore, portuurgroepverhoudings en die kwaliteit van die skool is al in 'n mindere of meerdere mate met akademiese sukses in die hoërskool in verband gebring (Berger & Milem, 1999; Bjarnason, 2000; Furnham & Chamorro-Premuzic, 2003; Newcomb, Abbott, Catalano, Hawkins, Battin-Pearson & Hill, 2002). EI as moontlike voorspeller vir akademiese sukses, het eers meer onlangs op die voorgrond getree.

ii. EI as voorspeller vir akademiese sukses

Die aanname dat daar 'n positiewe verband tussen EI en akademiese prestasie bestaan, is vinnig in vroeë besprekings van die verhouding tussen hierdie konsepte gemaak (Elias, Bruene-Butler, Blum & Schuyler, 1997; Goleman, 1995; Pasi, 1997). Soos 'n aantal outeurs opgemerk het, is hierdie aannames grootliks op die basis van preliminêre data gemaak (Matthews, Roberts & Zeidner, 2003; Zeidner, Roberts & Matthews, 2002).

Daar het egter die afgelope paar jaar meer empiriese navorsing na vore getree wat die idee dat EI met akademiese prestasie verband hou, ondersteun (Parker, Summerfeldt, Hogan & Majeski, 2004; Petrides *et al.*, 2004; Parker, Creque, Barnhart, Harris, Majeski, Wood, Bond & Hogan, 2004). Laasgenoemde outeurs het byvoorbeeld gevind dat akademiese sukses betekenisvol met die meeste dimensies wat deur die *EQ-i:YV* geassesseer word, geassosieer kan word. Die deelnemers uit die top akademiese groep in laasgenoemde studie het hoër tellings op die Interpersoonlike, Aanpassing- en Streshanteringskale as die ander twee groepe behaal. Leerders in die middelste akademiese groep het ook hoër tellings op hierdie skale as die leerders in die problematiese akademiese groep getoon. Parker *et al.* (2004) het in 'n longitudinale ondersoek van die oorgang van hoërskool na universiteit gevind dat verskillende EI-dimensies (van die *EQ-i*) ook as voorspellers vir akademiese sukses kan dien.

Bar-On (1997) en Downey, Mountstephen, Lloyc, Hanson en Stough (2008) se bevindinge toon ook aan dat akademiese sukses met hoër EI-vlakke geassosieer word en dat EI daarom volgens hierdie outeurs as 'n belangrike faktor vir die voorspelling van akademiese sukses kan dien. In Bar-On (1997) se studie het akademies-suksesvolle leerders byvoorbeeld betekenisvol hoër tellings op die Totale EK-skaal behaal, sowel as op die subskale Selfaktualisering, Probleemoplossing, Realiteitstoetsing, Strestoleransie, Geluk en Optimisme. Die leerders in Downey *et al.* (2008) se studie wat akademies beter presteer het, het veral hoër tellings behaal op die vermoë om ander se emosies te identifiseer en te verstaan. Hierdie resultate veronderstel dat die wyse waarop leerders ander se emosies "lees", hulle begrip van die kontekste waarin hierdie emosies ontlok word, sowel as hulle begrip van die toepaslikheid van ander se emosionele response en optredes, met akademiese prestasie in verband gebring kan word.

Hierdie bevindinge stem ooreen met die resultate van Parker *et al.* (2004) en die vorige hipoteses van Lam en Kirby (2002) en Salovey *et al.* (2000) dat hoë EI bydra tot verhoogde motivering, beplanning en besluitneming, wat 'n positiewe invloed op akademiese prestasie kan hê. In teenstelling hiermee kan leemtes in basiese emosionele bevoegdhede, soos emosionele persepsie en uitdrukking, met die ontwikkeling van komplekse hanteringsvaardighede (soos emosionele regulering) inmeng (Salovey, Bedell, Detweiler & Mayer, 1999). Die vermoë om stresvolle situasies op 'n aanpasbare wyse te hanteer, is ook al met hoër prestasie onder universiteitstudente in verband gebring (Booth & Pennebaker, 2000; Salovey *et al.*, 2000).

Petrides *et al.* (2004) se studie toon ook 'n betekenisvolle verband tussen EI¹¹ en akademiese prestasie. EI het in hierdie navorsers se studie geen merkbare invloed op Wiskunde- en Wetenskapprestasie gehad nie, maar wel op Engels en algehele akademiese prestasie.

iii. EI en leerders wat akademiese uitdagings ondervind

Leerders wat akademiese uitdagings ondervind, is oor die algemeen meer geneig om stres en emosionele struikelblokke tydens die verloop van hul studies te ervaar. Hoë EI behoort hul daarom potensieel beter in staat te stel om emosionele stres en angstigheid te hanteer (Petrides *et al.*, 2004). Voorgenoemde auteurs toon in hierdie verband aan dat EI byvoorbeeld nie in hul studie 'n merkbare invloed op die prestasie van leerders met hoë IK-tellings gehad het nie. In teenstelling hiermee, blyk hoë EI 'n positiewe invloed op leerders met lae IK-tellings (wat meer geneig is om druk te ervaar vanweë die teenstrydigheid tussen hulle vermoëns en die opvoedkundige eise wat aan hulle gestel word) te hê (Petrides *et al.*, 2004).

iv. EI en skoolbywoning

Volgens Qualter *et al.* (2007) en Petrides *et al.* (2004) bestaan daar 'n verband tussen lae EI en die ongemagtigde afwesighede van leerders.

v. Gevolgtrekking met betrekking tot EI en akademiese prestasie

Uit voorgenoemde bespreking blyk dit duidelik dat, alhoewel die resultate van O'Conner en Little (2003), Newsome *et al.* (2000), asook Scott en Aalsma (2004) geen ondersteuning vir die bewering voorsien dat EI as voorspeller vir akademiese sukses kan dien nie, die literatuur by verre die teendeel aantoon.

¹¹ Petrides en sy kolgas verwys na "eienskap-EI", om aan te dui dat EI in hulle studies deur selfrapportersvraelyste gemeet word. Soos vroeër verduidelik, verkies ek om net na "EI" te verwys.

3.8.2.4 EI en werkverrigting

i. EI in 'n korporatiewe omgewing

Navorsing dui aan dat 'n wye spektrum werkverrigting deur EI beïnvloed word, insluitende werknemerverbintenis, spanwerk, ontwikkeling van talente, vernuwing, kwaliteit van diens en kliënte-tevredenheid (Bar-On, 1997; Goleman, 2001; 2005). Navorsing dui onder meer aan dat individue met hoë EI-vlakke meer beroepsukses ervaar, sterker persoonlike verhoudings bou en meer effektiewe leiding neem as wat die geval is met individue wat laer EI-vlakke toon (Cooper, 1997; Dulewicz & Higgs, 1998; Vakola, Tsaousis & Nikolaou, 2004; Weisinger, 1998). Dit sluit aan by bevindinge van studies in dosyne organisasies wat aantoon dat ongeveer twee-derdes van die bevoegdhede wat met superieure werksprestasie verband hou, EI-kwaliteite soos selfvertroue, aanpasbaarheid, deursettingsvermoë, empatie en die vermoë om met ander oor die weg te kom, insluit (Boyatzis, 1982; Dulewicz & Higgs, 1998; Lusch & Serpkeuci, 1990; McClelland, 1999; Spencer & Spencer, 1993; Vakola *et al.*, 2004; Weisinger, 1998).

Navorsing waarin bevoegdheidsgebaseerde metingsinstrumente (*MEIS*, *MSCEIT*) geïmplementeer is, toon 'n positiewe verband tussen EI en beroepsprestasie (Janovics & Christiansen, 2001). Ander studies waarin selfrapporteringsvraelyste geïmplementeer is, het soortgelyke resultate met betrekking tot leierskap, bestuur, en sukses en prestasie in die werksplek opgelewer (Cavallo & Brienza, 2004; Cooper & Sawaf, 1997; Dulewicz & Higgs, 1998; Lopes *et al.*, 2005; Palmer, Walls, Burgess & Stough, 2000; Vakola *et al.*, 2004; Van der Zee & Wabeke, 2004; Weisinger, 1998).

ii. EI in 'n militêre omgewing

Bar-On, Handley en Fund (2005) het in twee studies die verband tussen EI en prestasie in militêre omgewings ondersoek. Die een studie is in die Lugmag van die VSA onderneem om vas te stel of daar 'n verband tussen EI en die prestasiegraderings (wat op individuele produktiwiteit gebaseer is) van militêre rekrute bestaan. 'n Ander studie het die verband tussen EI en die prestasiegraderings van Israelitiese gevegsoldate ondersoek, soos gemeet deur laasgenoemde se portuurgroep, die kriteria vir groeplidmaatskap en bevelvoerder-evaluasies. Die *EQ-i* is in beide studies geïmplementeer en die bevindinge toon aan dat hoë presteerders (onder beide militêre rekrute en gevegsoldate) betekenisvol hoër EI-tellings as

die laer presteerders behaal het. Die gevegsoldate se prestasie is deur die *EQ-i* voorspel, selfs vir 'n jaar nadat die vraelys afgeneem is.

iii. EI in 'n mediese omgewing

Wagner, Moseley, Grant, Gore en Owens (2002) het die verhouding tussen pasiënte-tevredenheid en die geneesheer se EI (soos deur die *EQ-i* gemeet) ondersoek. Hierdie navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n geneesheer se tevredenheid met haar eie lewe en haar persoonlike geluk deel van 'n pasiënt se tevredenheid met gesondheidsdienste vorm.

iv. Gevolgtrekking met betrekking tot EI en werkverrigting

Uit voorgenoemde bespreking blyk dit dat die rol van EI in die werksplek nie oorskot word soos wat deur Waterhouse (2006) en Zeidner *et al.* (2004) beweer word nie. Dit blyk dat die emosioneel-intelligente werker waarskynlik meer geneig sal wees om sukses in 'n werksomgewing te behaal, onder meer omdat sy waarskynlik meer geneig sal wees om empatie met ander te hê en maniere te vind om produktief met haar kollegas saam te werk. Die rol van EI in interpersoonlike verhoudings, soos blyk uit die literatuur, word vervolgens bespreek.

3.8.2.5 EI en interpersoonlike verhoudings

Soos reeds vermeld, kan 'n individu se regulering van haar eie emosies, die herkenning en bestuur van ander se emosies, sowel as die stigting en handhawing van gesonde interpersoonlike verhoudings as belangrike komponente van EI beskou word. Die aanname kan daarom gemaak word dat 'n individu met 'n hoër EI beter in staat behoort te wees om suksesvol in interpersoonlike verhoudings te wees en meer empaties teenoor ander op te tree. Hierdie aanname word by uitstek in die literatuur bevestig.

'n Groot aantal studies (insluitende met kinders en adolessente) toon aan dat hoë EI-tellings met positiewe interpersoonlike verhoudings en sosiale aanpassing geassosieer kan word (Eisenberg *et al.*, 2000; Fitness, 2001; Flury & Ickes, 2001; Halberstadt *et al.*, 2001; Pellegrini & Blatchford, 2000). Hoër tellings op EI-toetse/vraelyste is byvoorbeeld al met verskeie aanduiers van sosiale aanpassing geassosieer, insluitende meer pro-sosiale gedrag

(Mavroveli, Petrides, Rieffe & Bakker, 2007; Rubin, 1999) en minder negatiewe interaksies met vriende (Brackett *et al.*, 2004; Lopes *et al.*, 2004).

Uit die resultate van Petrides, Sangareau, Furnham en Frederickson (2006) se studie blyk dit dat emosionele selfwerksaamheid 'n direkte positiewe impak op portuurgroepverhoudings het. Kinders wat hulself as emosioneel-bedreve beskou, word gewoonlik makliker deur hul portuurgroep aanvaar as kinders wat hulself as emosioneel-koud en teruggetrokke beskou. Die aanname kan gemaak word dat dit waarskynlik ook die geval by volwassenes sal wees. Die ontwikkeling van sosiale ondersteuningsnetwerke kan deur hierdie sosiale bevoordeling gefasiliteer word, ten einde prestasiegedrag te bevorder (Petrides *et al.*, 2006). Austin *et al.* (2005) se studie toon ook 'n positiewe verband tussen EI en sosiale netwerkgroutte, terwyl die omvang van en tevredenheid met sosiale ondersteuning in Ciarrochi *et al.* (2001) se studie geïllustreer word.

Die belangrikheid van vriendskap en sosiale netwerkvorming word verder in Petrides *et al.* (2006) se studie gedemonstreer, aangesien portuurgroepstrukkelblokke, insluitende portuurverwerping, aggressie en onttrekking, nadelige gevolge vir persoonlike aanpassing later in die individu se lewe inhoud (Parker & Asher, 1987; Pellegrini & Blatchford, 2000).

3.8.2.6 EI en geslagsverskille

Geslagsverskille in EI is redelik wyd ondersoek en die meerderheid studies toon aan dat die vroulike geslag hoër EI as hul manlike eweknieë toon (Alumran & Punamäki, 2008; Ciarrochi *et al.*, 2001; Harrod & Scheer, 2005; Mayer *et al.*, 1999; Palmer, Monacha, Gignac & Stough, 2003; Van Rooy, Alonso & Viswesvaran, 2003). Ciarroch *et al.* (2001) het byvoorbeeld gevind dat vroulike adolesente beter as manlike adolesente in staat is om emosies waar te neem, hul eie emosies te reguleer en emosies te gebruik om verhoudings te bou. Palmer *et al.* (2003) se studie toon aan dat vroue hoër tellings as mans op die algemene EI behaal en veral in interpersoonlike vaardighede en emosionele self-bewustheid uitblink. Laer EI in mans, spesifiek met betrekking tot die onvermoë om emosies waar te neem en te gebruik om denke te fasiliteer, is met negatiewe uitkomste, insluitende dwelm- en alkoholmisbruik, sosiaal-afwykende gedrag en swak verhoudings met vriende geassosieer (Brackett *et al.*, 2004). EI is verder in voorgenoemde auteurs se studie met wanaangepastheid en negatiewe gedrag by jong volwasse mans geassosieer, maar nie by vroue nie.

Volgens Bar-On en sy kollegas (Bar-On, Brown, Kirkcaldy & Thomé, 2000) ontplooï geslagsverskille in die aard van EI, eerder as oor die algemeen. In Bar-On en Parker (2000) se studie het vroue byvoorbeeld beter interpersoonlike vaardighede as mans getoon, terwyl mans hoër tellings vir Strestoleransie en Impulsbeheer behaal het. Bar-On (2006), sowel as Mayer en Salovey (1997) beklemtoon egter dat alle EI-vaardighede ontwikkel kan word.

3.9 DIE ONTWIKKELING VAN EI BY ADOLESCENTE

3.9.1 EI en neurologiese ontwikkeling

Volgens Dawson, Panagiotides, Klinger en Hill (1992) bestaan daar 'n verband tussen die neurologiese ontwikkeling van die frontale lobbe en die ontwikkeling van sommige emosionele bevoegdhede. Soos wat die brein gedurende adolessensie in vroeë volwassenheid ontwikkel, vind daar kritieke veranderinge in die adolescent se redeneringsvermoë plaas (Greenberg & Snell, 1997), in só 'n mate dat adolesente moontlik nie dieselfde bevoegdheidsvlak as volwassenes in die bestuur van emosies, sowel as in die integrasie van emosies in besluitneming sal demonstreer nie. Hierdie siening word deur Bar-On (2006) ondersteun.

3.9.2 Adolesensie as kritieke ontwikkelingsfase vir die ontwikkeling van EI

Adolessensie is 'n tydperk van merkwaardige stres en onsekerheid as gevolg van die vele ontwikkelings- en omgewingsuitdagings wat aan adolesente gestel word, byvoorbeeld groepsdruk, gesinskonflik, akademiese struikelblokke en toekomstige beroepskeuses. Gesonde hantering van hierdie uitdagings kan as 'n essensiële deel van die adolescent se weg na die verwerwing van onafhanklikheid, persoonlike identiteit en suksesvolle akademiese prestasie beskou word (Gerald & Gerald, 2002).

Daarteenoor kan oneffektiewe hantering van stres en uitdagings gedurende adolessensie in psigologiese en sosiale probleme resulteer (Frydenberge & Lewis, 1993). Dit is daarom belangrik om die bepalende faktore van effektiewe hantering (*coping*) in adolessensie te verstaan en hierdie studie fokus op een van hierdie faktore: EI.

3.9.3 EI as beskermingsfaktor teen die opdoen van psigologiese en sosiale probleme

Navorsing toon aan dat die beskermingsfaktore waarvan hierbo melding gemaak word, hoofsaaklik onder twee kategorieë gegroepeer kan word: dié wat met persoonlike eienskappe van die kind (of adolescent) verband hou en dié wat op positiewe eienskappe van haar omgewing betrekking het (Coie, Watt, West, Hawkins, Asarnow, Markman, Ramey, Shure & Long, 1993; Doll & Lyon, 1998; Dryfoos, 1997; Durlak, 1998).

3.9.3.1 Persoonlike eienskappe

Persoonlike eienskappe wat as beskermingsfaktore kan dien, sluit in sosiale en emosionele bevoegdhede, soos sterk interpersoonlike vaardighede, 'n aangename geaardheid, goeie probleemoplossingsvaardighede, self-werksaamheid, 'n positiewe selfagting, effektiewe kommunikasievaardighede en hoë aspirasies (Graczyk *et al.*, 2000). Voorgenoemde kan almal as kernkomponente van EI beskou word.

3.9.3.2 Omgewingsfaktore

Omgewingsfaktore wat 'n ondersteunende konteks vir die sosiale en emosionele ontwikkeling van kinders voorsien, sluit in: 'n sterk band met ten minste een besorgde volwassene, toereikende ouerskap, betrokkenheid by konstruktiewe organisasies of aktiwiteite en toegang tot goeie skole.

i. Ouers se rol in die ontwikkeling van EI

EI-voorstaanders beweer dat die ontwikkeling van kinders¹² se EI in 'n groot mate deur hulle ouers se sosialiserspraktyke bepaal word (Saarni, 1999, 2000; Salovey & Sluyter, 1997). Dit wat kinders in die gesinskonteks by hulle ouers leer, vorm die basis van hulle emosionele kennis en bevoegdheid om emosies te kan identifiseer en te reguleer (Mayer & Salovey, 1997). Gesinsosialisering het ook 'n direkte impak op 'n kind se sosiale en emosionele bevoegdheid (Garner, Jones & Miner, 1994; Zeidner *et al.*, 2002). Die basiese aanname kan dus gemaak word dat 'n kind wie se ouers oor die algemeen konstruktiewe EI-

¹² Die leser moet asseblief kennis neem dat "adolescent(e)" in hierdie geval ook deur die term "kind(ers)" geïmpliseer word.

verbandhoudende gedrag openbaar, meer geneig sal wees om dit as deel van haar eie gedragsrepertoire te inisieer. Dit blyk dus dat die ontwikkeling van EI-bevoegdhede deur 'n veilige en emosioneel-ontvanklike gesinsomgewing ondersteun word. Harrod en Scheer (2005) se studie toon verder betekenisvolle verhoudings aan tussen EI en die moeder se opleiding, die vader se opleiding en die huishouing se finansiële inkomste. Voorgenoemde resultate kan 'n aanduiding wees van die moontlike faktore wat 'n rol in EI-vorming en -ontwikkeling speel.

Daar blyk egter nie genoeg navorsing te wees om veel meer gegronde veralgemenings oor die bepalende faktore van kinders se EI te maak nie. Daar kan byvoorbeeld nie sonder meer gesê word of 'n kind se emosionele en sosiale bevoegdheid (binne "gesonde" gesinsomgewings) beïnvloed word deur direkte instruksie, die beskikbaarheid van positiewe rolmodelle, of deur die vermyding van skadelike vlakke van interpersoonlike konflik nie, en of daar bloot gepoog moet word om 'n omgewing te voorsien waarin die kind se selfgerigte ondersoek en verwerwing van emosionele kennis ondersteun sal word. Die impak van volgehoue stresvolle omstandighede op 'n individu se EI kan ook nie ontken word nie. Alhoewel gesinsfaktore wat moontlik 'n rol in EI-ontwikkeling kan speel in die studie verken gaan word val 'n in-diepte ondersoek daarna buite die doel van hierdie studie. Daar gaan wel met die studie gepoog word om die rol wat die skoolkonteks moontlik in hierdie verband kan speel, te ondersoek.

ii. Die rol van die skoolkonteks in die ontwikkeling van EI

Die skoolomgewing kan as een van die belangrikste kontekste vir die aanleer van EI gesien word (Mayer & Salovey, 1997). Gedurende die proses van emosionele leer ontwikkel die individu aanlegte, vaardighede, houdings en waardes wat nodig is om emosionele bevoegdhede te bekom. Onderrig in EI-vaardighede kan deur 'n verskeidenheid diverse pogings, byvoorbeeld klaskamerinstruksie, buitekurrikulêre aktiwiteite, 'n ondersteunende skoolklimaat en die betrokkenheid van leerders, onderwysers en ouers in gemeenskapsaktiwiteite voorsien word (Zeidner *et al.*, 2002).

Die ontwikkeling van EI-vaardighede geskied egter nie altyd ewe maklik vir alle leerders nie. Verder word alle leerders nie altyd ewe suksesvol binne 'n bepaalde skoolkonteks geakkommodeer nie (die uitdagings wat leerders van rasseminderheidsgroepes in meerderheidskoolkontekte moet hanteer, is in hoofstuk 2 bespreek). Uit die voorafgaande

bespreking van die betekenisvolheid van EI, blyk dit dat individue met 'n hoë EI, potensieel beter in staat is om persoonlike uitdagings, sowel as omgewingseise meer effektief te hanteer. Dit wil dus voorkom of 'n individu (wat deel is van 'n rasseminderheidsgroep) se (hoër) EI 'n betekenisvolle rol in haar aanpassing en funksionering binne 'n meerderheidskoolkonteks behoort te speel, sowel as in die wyse waarop sy haar eie identiteit (binne 'n kulturele omgewing wat moontlik van haar eie kan verskil) gaan onderhandel.

3.10 DIE MOONTLIKE ROL VAN EI IN DIE IDENTITEITSONDERHANDELING, AANPASSING EN FUNKSIONERING VAN RASSEMINDERHEIDSGROEPE IN MEERDERHEIDSKOOLKONTEKSTE

Volgens Bar-On (2006) is individue wat emosioneel en sosiaal intelligent is, in staat om hulself te verstaan en uit te druk, ander te verstaan en met hul te vereenselwig, en om die alledaagse eise van die lewe effektief te hanteer. 'n Individu se EI kan derhalwe 'n belangrike rol speel in hoe sy die wêreld konstrueer en beleef (Richburg & Fletcher, 2002).

Uit die literatuurstudie in hoofstuk 2 het dit duidelik geblyk dat rasseminderheidsgroepes (veral swart leerders) in meerderheidskoolkontekste voor verskeie uitdagings te staan kom en dat hul aanpassing en funksionering in 'n meerderheidskoolkonteks nie altyd ewe suksesvol geskied nie. 'n Verskeidenheid redes kan hiervoor aangevoer word: hulle word dikwels nie toegelaat om hul eie kultuur uit te leef en hul identiteit te onderhandel nie; hulle vind dit moeilik om verhoudings met hul anderrassige portuurgroep aan te knoop en in stand te hou; hulle word aan vooroordeel en rassisme blootgestel en hulle kan dikwels onseker wees oor die rolverwagtinge wat aan hulle gestel word. Hierdie faktore kan lede van rasseminderheidsgroepes magteloos laat voel en baie spanning vir hulle veroorsaak (Kriel, 2000; Machaisa, 2004; Naidoo, 1996; Polson, 1996) wat weer 'n direkte invloed op hul skoolprestasie kan hê (Maree & Ebersöhn, 2002).

Wanneer mense angstig, onseker of onveilig voel, wanneer hulle te veel stres en spanning ervaar, of wanneer hulle aan konstante emosionele aftakeling blootgestel word, is die kanseskraal dat hulle hul talente optimaal sal benut. As 'n individu byvoorbeeld nie leer hoe om gesonde verhoudings aan te knoop nie, word haar potensiaal vir geestelike ontwikkeling en aktualisering ernstig ingekort. Kinders wil goed voel oor hulself en indien die kind nie die geleentheid gebied word nie, kan dit haar selfbeeld 'n ernstige knou gee, wat jare kan neem

om te herstel – indien dit wel gebeur (Maree & Ebersohn, 2002). Leerders wat met ander woorde as lede van rasseminderheidsgroepe nie daarin slaag om toereikende portuurgroepverhoudings in meerderheidskoolkontekste aan te knoop, sonder om hulle identiteit in die proses prys te gee nie, loop dus die gevvaar om nooit hul volle potensiaal te verwerklik nie.

Voorgenoomde kan as kern-konsepte van EI beskou word en daarom maak ek die aanname dat 'n adolescent met 'n hoër EI beter in staat behoort te wees om die uitdagings waarmee sy as deel van 'n rasseminderheidsgroep in 'n meerderheidskoolkonteks gekonfronteer word, te hanteer.

3.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontstaan van die konsep, EI asook bestaande definisies en modelle daarvan ondersoek. 'n Intensieve literatuurstudie oor EI is onderneem, waarin kritiek teen bestaande benaderings in diepte ondersoek is. Die relevansie van die konsep en die betekenisvolheid van EI in menslike funksionering is in die literatuur aangetoon. Die ontwikkeling van EI by adolescente en die rol wat EI moontlik in die identiteitsonderhandeling, aanpassing en funksionering van lede van rasseminderheidsgroepe in meerderheidskoolkontekste kan speel, is ook kortliks verken.